

'n Onneersitbare leeservaring

In sy bespreking van Ingrid Winterbach se *Voorouer. Pelgrim. Berg.* besin **WILLIE BURGER** oor die verrassende en onvoorspelbare ervarings wat spruit uit die konfrontasie tussen die leser se eie bekende wêreld en die vreemde saamvoeging van bekendes in die teks.

Op die laaste bladsy van *Voorouer. Pelgrim. Berg.* dink die hoofkarakter: “Dit het tyd geword dat ek die glas water vat (hoewel ek nie dink ’n glasië water gaan dit vir jou doen nie), en die wit kers opsteek, en myself oopstel vir ’n gedagte, ’n gewaarwording. Enigiets.”

Die roman maak ’n soortgelyke appèl op die leser: dat jy jouself

moet oopstel vir ’n gedagte, ’n gewaarwording, vir enigiets.

Maar as ek dit sê, word dit moeilik om sinvol oor die roman te skryf. Om my eie “gewaarwordings” van “enigiets” in ’n resensie te probeer verduidelik, is uiters subjektief en ’n resensie is immers ’n poging om helder, logies en verantwoordbaar oor ’n teks te kommunikeer.

Ons eerste reaksie wanneer ons met ’n kunswerk gekonfronteer word, is dikwels: “Wat beteken dit nou eintlik?” Dit is ’n verstaanbare reaksie, want dit is presies hoe ons gewoon is om daagliks met alles rondom ons om te gaan – ons interpreteer elke ervaring, elke waarneming, elke woord.

Maar “wat beteken dit nou eintlik?” is nie die enigste vraag wat ons aan ’n kunswerk kan (of behoort) te stel nie. Soms kan ’n mens eerder vra, “wat dóén hierdie kunswerk?”, en “wat doen dit aan my?”

Omdat ons eerste reaksie is om te interpreteer, kan ’n mens soms ’n bietjie bedroë voel wanneer jy nie al die kloutjies by die oortjies kan kry wanneer jy ’n roman soos hierdie lees nie. *Voorouer. Pelgrim. Berg.* laat jou nie sukkel om ’n enkele interpretasie te maak omdat daar nie ’n bevredigende


verhaal is nie: Winterbach vertel ’n besondere boeiende verhaal op ’n buitengewoon vermaaklike manier.

Die verhaal gaan oor Katerina Steenkamp – sy is geskei van haar eerste man en kuier soms by haar volwasse dogter. Sy het ’n kortstondige verhouding met een van haar man se voormalige vriende gehad en wil graag weer met hom kontak opneem – maar verneem dat hy dood is. Sy staan in ’n verhouding met ’n kunskurator wat die wêreld vol reis, maar ontmoet ook ’n hele klomp eienaardige mans op ’n “dating site”. (Tipiese Winterbach-karakters: van ’n man wat glo ruimtewesens gaan ons wegvoer tot ’n ou wat ’n sekspop ontwerp. Hulle is só vreemd en tóg so geloofwaardig dat ’n mens hulle in hulle vreemdheid hêrken, eerder as leer ken.)

Intussen het Katerina ook kontak met haar broer wat met hulle voorouers behep is en sy dink na oor ingewikkelde familieverhoudings tussen moeders en dogters en susters. Sy kyk ook daagliks na die berg. Sy lees oor pelgrims. Sy bestudeer kunswerke.

Al hierdie mymerings, waarnemings en stories bied ’n onneersitbare leeservaring. Maar die vraag “wat beteken dit alles?” maak ’n mens ongemaklik. Dit is nie omdat die roman niks beteken nie. Allermens. Die roman is op stimulerende wyse betrokke by ons sosiale omstandighede, by die politiek en die ekonomie en die filosofie. Sake soos witheid, politieke betrokkenheid en die rol van die estetiese in die samelewing word op uitdagende (en snaaks-satiriese) wyse bedink. Dit is egter nie al hierdie idees wat die roman so kragtig maak nie.

Die Israelse kunstenaar Bracha Ettinger het eens opgemerk:



Wen

Wen ’n eksemplaar van *Voorouer. Pelgrim. Berg.* deur Ingrid Winterbach, uitgegee deur Human & Rousseau. Stuur jou naam, van en kontakbesonderhede met VOOROUER in die onderwerpveld na plus50@plus50.co.za voor 6 September.

“Artists continually introduce into culture all sorts of Trojan horses from the margins of their consciousness; in that way, the limits of the Symbolic are transgressed all the time by art.”

Dis Winterbach se Trojaanse perde wat haar werk so boeiend maak, die manier waarop sy torring aan die reëls waarvolgens ons verstaan.

Enige kunstenaar beskik, soos elkeen van ons, oor bepaalde kennis, oor taal, oor maniere van dink. Wanneer ons dink en skryf word ons almal beperk deur wat ons weet en hoe ons dink. Ons kan nie buite die grense van ons beskikbare kennis en aangeleerde maniere van dink beweeg nie, want ons weet immers nie wat ons nié weet nie. Ons kan nuwe inligting bekom, ja, maar ons maak dit dadelik ons eie. Ons vertaal nuwe ervarings, waarnemings en inligting in ons eie manier van dink en integreer dit met ons bestaande kennis.

Met ander woorde: Alles wat “anders” as onself is, maak ons so vinnig as moontlik deel van ons. Dit is hoekom ons sê ons “begryp” iets – omdat ons dit wat anders as onself is gryp en dan is dit nie meer die vreemde, die ander nie, dan is dit ons eie weergawe daarvan. Ons kan nie anders nie. Ons maak die onbekende, die ander, ons eie. Dit is hoekom ons eerste vra “wat beteken dit?”

’n Roman soos hierdie maak dit



Willie Burger is professor in literatuurstudie aan UP.

vir jou onmoontlik om daardie vreemdheid heeltemal jou eie te maak en sodoende herinner dit daaraan dat “andersheid” bestaan, dat alles nie presies is soos ék dit be-gryp nie.

Maar die roman doen meer as om jou bewus te hou van jou eie beperktheid en te herinner dat andersheid onbe-gryp-baar is. Dit gaan oor meer. Dit gaan oor daardie “Trojaanse perde” waarmee ons gekonfronteer word.

Trojaanse perde is herkenbare en verstaanbare idees, woorde, beskrywings; oorvertelbare verhale en meedeelbare idees wat ons verstaan en herken, maar wat, juis weens die manier

waarop hulle saamgesit is, ook ánder onvoorspelbare gevolge in hulle saamdra. In die konfrontasie tussen die leser se eie bekende wêreld en die vreemde saamvoeging van bekendes in die teks deur die kunstenaar, ontstaan ’n verrassende en onvoorspelbare ervaring.

Al Winterbach se werk is op hierdie manier besig om gemaklike samehangende en sluitende interpretasies af te wys. Op haar beste, soos in hierdie roman, lei die konfrontasie met die leser tot gewaarwordings van die onvasgrypbare dinge in jouself waarvan jy nie voor die lees van die roman kon weet nie. ■

Met ’n voorleesboek in die hand

Hestertjie Brand is baie astrant, sy praat tog alte pront. Maar Kobie du Preez is baie verleë, met ’n vingertjie in haar mond.

En daar sit Hestertjie en Kobie, ene groot oë en ore, langs Oupa of Ouma wat vir hulle voorlees uit die skat van kinderboeke.

Dit word algemeen aanvaar dat voorlees kognitiewe ontwikkeling bevorder, dat dit taalvaardigheid verbeter en dat konsentrasie en dissipline, verbeeldingskrag en kreatiwiteit gestimuleer word. Akademiese prestasie en, bowal ’n liefde vir lees, word aangemoedig en woordeskat word uitgebrei.

Met *Die beste kinderverse van Tienie Holloway* kan jonk en oud van voor af die vreugde van Tienie Holloway-verse ontdek. Hierdie juweel van ’n boek is saamgestel deur Wendy Maartens en van pragtige

volkleur-illustrasies voorsien deur Alida Bothma. Die uitgewer is Protea en dit kos R250.

Die jongste suster en ander slim meisies, Corlia Fourie se boek, is binnekort oral as e-boek beskikbaar, en ook as papierboek in Europa, die VK, die VSA en Kanada. “Die boek is vir voorlees vir ouderdomme ses tot tien en vir selflees van so agt tot 11 jaar. Dis nie net vir meisies nie, seuns hou ook van slim en dapper meisies.” Die boek is beskikbaar op Amazon.

Besoek die kinderboekafdelings by www.proteabooks.com en www.lapa.co.za. – **Eleine Roets**

